24-7 GEBED VIR HERLEWING
28 OKTOBER – 3 NOVEMBER 2024

Om Sy getuie te wees

… want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. (Handelinge 22:15).

Die werkplek is die grootste sendingveld. Elke dag kan jy jou geloof uitleef in die manier waarop jy mense behandel, die uitnemendheid waarmee jy jou werk verrig, deur hoe jy ander dien en die vrede wat jy in uitdagende tye uitbeeld.

In hierdie tweede deel van 'n reeks van twee, 'Die Kerk en sending', bid ons vir toegewyde Christene om getuies in hul invloedsfere vir die Here te wees. Ons vra ook vir God om deure oop te maak vir die verspreiding van die Evangelie in lande waar die Christendom onwettig is of onderdruk word.

MAANDAG 28 OKTOBER 2024
DOKTERS

Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: ***… hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word.*** (Markus 16:17a,18c).

Kom ons bid

- Bid vir mediese personeel om die Here daagliks te soek vir wysheid en insig voor konsultasies.
- Vra dat dokters die Heilige Gees se leiding sal vra om mense se liggame te genees en te herstel.
- Bid vir goddelike afsprake, tekens en wonders, wat harte na die Here God, die Almagtige, sal trek wanneer mediese personeel na ander nasies gaan om mense met die Evangelie te bereik.

VERVOLGDE LAND: NOORD-KOREA

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. (Psalm 23:1).

Bevolking:	26 244
Grootste Godsdiensgroep:	Nie-godsdienstig
% Ongeëvangeliseerdes:	70 %

Die jong 'opperleier' (Kim Jong-un) van Noord-Korea beperk die burgers om met die buitewêreld te kommunikeer. Vra vir die openbaring van God die Vader en Jesus Christus om hom tot bekering te bring (Psalm 2:10-12, Johannes 17:3).

Kom ons bid

- Christene in Noord-Korea staar die risiko in die gesig om vir hulle geloof gemartel te word, tronkstraf uit te dien of tereggestel te word. Bid Psalm 23 vir hulle.

DINSDAG 29 OKTOBER 2024
ONDERWYSERS

*… en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal **Hy julle alles leer** en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.* (Johannes 14:26).

Kom ons bid

- Bid vir opvoeders om **insig en genade te hê om die behoeftes van hul studente te verstaan**, hetsy akademies, geestelik of emosioneel, en om hulle onder leiding van die Heilige Gees te bedien.
- Die meeste opvoeders verstaan **hul invloed op studente se lewens**. Bid gedurig vir opvoeders om bronne van wysheid (Jakobus 3:17), raadgewers (Jesaja 50:4) en beskermers (Spreuke 31:8-9) te wees.

VERVOLGDE LAND: AFGHANISTAN

Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. (Jeremia 29:13).

Bevolking: 43 372 950
Grootste Godsdiensgroep: Moslem
% Ongeëvangeliseerdes: 81 %

Die nederlaag van Afghanistan se regering deur die Taliban in 2021 het gelei tot die opskorting van humanitêre hulp aan sy behoeftige mense. Dit het ook strenger Islamitiese wette en verskerpte vervolging van Christene meegebring.

Kom ons bid

- Bid Psalm 10 oor die Afghaanse volk en vra die Here om die onderdruktes, die armes en behoeftiges te verdedig.

WOENSDAG 30 OKTOBER 2024
MAATSKAPLIKE WERKERS

Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God. (Miga 6:8).

Kom ons bid

- Dra maatskaplike werkers voor die Here op in gebed; loof Hom dat Hy vir hulle **deernisvolle harte gegee** het terwyl hulle onvermoeid namens die bedroefdes en die verlorenes werk.
- Bid dat hulle wyse en deernisvolle **besluite oor gesinne en kinders in benoudheid sal neem**, plaaslik en in oorloggeteisterde lande.

VERVOLGDE LAND: SOMALIË

Die HERE is 'n krygsman; HERE is sy naam. (Eksodus 15:3, OV).

Bevolking: 18 706 922
Grootste Godsdiensgroep: Moslem
% Ongeëvangeliseerdes: 62 %

In Somalië is die Christelike gemeenskap klein en word dit voortdurend bedreig. Die land erken geen ander godsdiens as Islam nie. Islamitiese militante groepe teiken Christene doelbewus om die geloof uit die land te verwyder.

Kom ons bid

- Verklaar Eksodus 15:1-20 oor die klein groepie Christene. Bid ook vir ongelowiges om die Here te ervaar as *'n krygsman wat* veg namens die mense wat aan Hom toegewy is.

DONDERDAG 31 OKTOBER 2024
PROKUREURS EN REGTERS

"Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle. Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie." (2 Kronieke 19:6-7).

Kom ons bid

- Bid vir regters en regsgeleerdes om in eerbied en ontsag te wandel voor **die Here, wat ons Regter en Leidsman is;** omdat ons bewus is daarvan dat ons voor die regterstoel van Christus rekenskap sal gee vir al ons werke (Jesaja 33:22; 2 Korintiërs 5:10).
- Hofsake is dikwels ingewikkeld; vra die Here om hulle te bedien met Sy raad en begrip **wanneer sake voorgelê word en uitsprake gelewer word.**

VERVOLGDE LAND: INDIË

Jy mag naas My geen ander gode hê nie. (Eksodus 20:3).

Bevolking:	1 441 719 852
Grootste Godsdiensgroep:	Hindoe
% Ongeëvangeliseerdes:	43 %

Terwyl Indië godsdiensvryheid grondwetlik waarborg, lei toenemende anti-Christelike sentiment wat deur Hindoe-nasionalistiese groepe aangevuur word, dikwels tot geweld teen Christene en aanvalle op kerke.

Kom ons bid

- Bid volgens Johannes 14:1-14, vir gelowiges sowel as ongelowiges; vir gelowiges om te weet **dat Jesus die Een is wat hulle harte vertroos** en hulle in staat stel om groot werke in Sy Naam te doen en vir **ongelowiges om Jesus te ken as die weg, die waarheid en die lewe.**

VRYDAG 1 NOVEMBER 2024
LEERLINGE EN STUDENTE

*God het aan hierdie vier jongmanne **verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid**. Daniël kon enige gesig of droom uitlê.* (Daniël 1:17).

Kom ons bid

- In Lukas 2:41-52 het Jesus as 'n jong seun in die tempel gesit en na onderrig geluister en vrae gevra.
- Bid vir leerlinge en studente om weetgierig, leerbaar en oop te wees **vir die onderrig van die Here.**
- Bid vir leerders om 'n positiewe, opbouende en Geesgeleide invloed op hul eweknieë op skool en universiteite te hê.

VERVOLGDE LAND: NIGERIË
Nigerië skets 'n komplekse beeld waar die noordelike state, onder Sjaria-wetgewing, dikwels gewelddadige botsings en uiterste vervolging van Christene sien. Intussen ervaar die suidelike deel van die land meer godsdiensvryheid, wat 'n skerp noord-suid-skeiding illustreer.

Bevolking: 229 152 217
Grootste Godsdiensgroep: Christendom
% Ongeëvangeliseerdes: 21%

Kom ons bid
- Bid vir die Christene in die suidelike streke om die Here in gebed en vas te soek vir Sy strategie oor hoe om Sy koninkryk na die noordelike streke uit te brei. Lees Jesaja 45:1-3 hardop en bid hierdie deel van God se Woord oor Nigerië.

SATERDAG 2 NOVEMBER 2024
MOTORWAGTE
... doen alles tot verheerliking van God. (1 Korintiërs 10:31).

Kom ons bid
- Dank die Here vir die **gasvryheid, beskerming en diensbaarheid** wat motorwagte uitbeeld. Bid dat hulle waaksaam en bewus sal wees van die Here se teenwoordigheid in hul daaglikse aktiwiteite.
- Bid Psalm 1 oor hulle lewens en vra die Here se seën oor hulle werk as **getroue getuies van Sy liefde.**

VERVOLGDE LAND: NEPAL
Hy gee die vermoeide krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen kragte het nie. (Jesaja 40:29).

Daar is geen brandpunte vir die vervolging van Christene in Nepal nie, maar druk op bekeerlinge is sterker op die platteland as in die stedelike gebiede. Alhoewel Nepal 'n sekulêre land is, is 'n anti-bekeringswet in 2017 aanvaar, hoofsaaklik bedoel om Christelike evangelisasie en sending te beperk en Nepal se Hindoe-tradisies te verdedig.

Bevolking: 31 240 315
Grootste Godsdiensgroep: Hindoeïsme
% Ongeëvangeliseerdes: 55%

Kom ons bid
- Verkondig die grootheid van God deur Jesaja 40:9-31 oor die nasie te verklaar. Bid vir die stadig maar bestendig groeiende kerk in Nepal om God se groot krag, Sy groot mag en Sy vermoë te ervaar (Jesaja 40:26).

SONDAG 3 NOVEMBER 2024
OUERS
*"En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders **inskerp**..."* (Deuteronomium 6:6-7a).

Kom ons bid
- Bid dat ouers hul kinders deur liefdevolle dissipline, barmhartigheid en deernis sal leer hoe om nie aan die wêreld se eise toe te gee nie.

- Vra vir ouers om **die lig van Jesus vir hulle huisgesin te wys** terwyl hulle Jesus met opregte toegewydheid en gehoorsaamheid volg.

VERVOLGDE LAND: ERITREA

Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.(Matteus 18:20).

Die Christelike Kerk staar verskriklike voortdurende vervolging in die gesig, beide buite die erkende kerke en, tot 'n mate, binne. Evangeliese Christene groei ten spyte van ernstige vervolging. Hierdie groepe werk in ondergrondse netwerke wat in huise gebaseer is. Ongeveer 20 of meer netwerke is bekend, maar getalle is onmoontlik om te bepaal.

Bevolking:	3 817 651
Grootste Godsdiensgroep:	Moslem
% Ongeëvangeliseerdes:	29%

Kom ons bid

- Verhef jou stem in lof terwyl jy Psalm 145 oor Eritrea verklaar. Vra vir 'n groei in getalle en geestelike volwassenheid van die ondergrondse kerk in Eritrea. Vra dat die vervolgers oorreed sal word om Jesus te volg deur die gehoorsaamheid van diegene vir wie hulle vervolg.